*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*'n Oorwinning word nie noodwendig deur 'n meerderheid behaal nie — soos die stembus vereis.*

# Die O.B.

*'n Oorwinning word dikwels deur 'n minderheid behaal — soos Amajoeba getuig.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 9 JUNIE 1943. No. 29.

# Ossewabrandwag se Houding in Verkiesing

## *Kommandant-Generaal Adviseer Hoe Gestem Moet Word*

### *Waarskuwing dat Dr. Malan Tweedrag in O.B.-Geledere wil Saai*

**Dat dr. Malan in die aanstaande verkiesing daarop uit is om die Ossewabrandwag te breek en vir dié doel geweier het om die aangebode hulp van die Beweging te aanvaar, en dat Brandwagte op hul hoede teen hierdie listige aanslag moet wees, is punte in onderstaande belangrike verklaring van ons Kommandant-generaal waarin hy O.B.-lede adviseer in verband met die verkiesing. Hy beklemtoon dat dr. Malan se doel nie is om die verkiesing te wen nie, maar om alle moontlike nasionale mededingers vir die toekoms uit te skakel.**

**Die verklaring lui as volg:**

Orals kom die Afrikanerdom oor die aanstaande verkiesing in beroering.

Daarom het die volk die reg om alle feite te weet, want dit is die volk se belange wat op die spel is. **Die volk se belange, en nie net 'n party s'n nie.**

**En een van die belangrikste feite is die aanbod van die Ossewabrandwag** aan die drie opposisionele leiers, gedateer 4 Januarie 1943.

Die aanbod sê dat „in elke kiesafdeling waar die party-organisasies van die Afrikanerdom ooreenkom om 'n onderling aanneemlike Volkskandidaat te stel, sal sodanige kandidaat versekerd wees nie net van die stem maar ook van die organisatoriese steun van die hele Ossewabrandwag".

**Kortom, ons het aangebied om die hele Ossewabrandwag agter 'n gesamentlike anti-oorlogsfront in te gooi, sonder dat die O.B. 'n enkele setel vir homself sou eis.**

Dit **KON** die Volk gehad het in sy verkiesingsnood.

Wat **HET** die Volk in plek daarvan?

Driehoekige gevegte kruis èn dwars deur die hele land, omdat dr. Malan die uitgestrekte O.B.-hand nie wou aanvaar nie.

**Nie net is die aanbod verwerp nie. SELFS DIE PUBLIKASIE DAARVAN IS DEUR DIE PARTYPERS GEWEIER.**

Ons vra onsself af: „Waarom?"

**In alle verkiesings flikflooi en soebat partye om steun. Waarom slaan die H.N.P.-leiers dan in hierdie verkiesing die uitgestrekte hand weg?** Is dit uit domheid? Nee, sulke politici is te geslepe om dom te wees.

Is dit uit blinde haat teen die O.B.? Nee, geen haat en geen liefde sal hulle verblind teen partypolitieke voordeel nie.

Ons moet dus hul slimheid aanneem en liewer vra: „Wat hoop hulle dan om daardeur te wen?

**Die antwoord is duidelik: Hulle is glad nie daarop uit om hierdie verkiesing te wen nie, anders sou hulle die aanbod van steun aanvaar het. . . .**

**Hulle bou nie op hierdie verkiesing nie.**

**Hulle bou op die na-oorlogse verkiesing.**

Met hierdie verkiesing het dr. Malan heeltemal 'n ander doel, naamlik DIE VERNIETIGING VAN ALLE MOONTLIKE NA-OORLOGSE MEDEDINGERS BINNE DIE EIE AFRIKAANSE GELEDERE.

DIE SKYF MET HIERDIE VERKIESING IS NIE DIE EMPIRE NIE, — DIE SKYF IS DIE OSSEWABRANDWAG. Soos genl. Kemp gesê het, „Nou is ons kans om stal skoon te maak." (Let wel — nie Smuts slaan nie, maar stal skoon maak.)

**Daar lê die sleutel tot dr. Malan se optrede.**

Hulle stry nie om die staatsmag nie — anders sou hulle die O.B.-aanbod aanvaar het.

**Hulle stry om die party-diktatuur binne die eie volk.**

**Daarom het hulle op 'n paar eerbare uitsonderinge na, kandidate gestel wat in die eerste plek anti-O.B. is en slegs in die tweede plek anti-Empire.**

TWEE OOGMERKE

Hulle hoop om **veral twee dinge** uit te lok.

**EN HIERDIE TWEE DINGE MOET ELKE O.B.-MAN EN ELKE O.B.-VROU IN DIE KOMENDE WEKE VOOR OË HOU.**

**Eerstens** hoop hulle om voor en tydens die verkiesing broedertwis en draketande binne O.B.-geledere te saai en

**twedens** hoop hulle om ná die verkiesing die volkswoede teen die O.B. te swaai, wat die skuld vir die nederlaag moet kry.

HOE?

**Eerstens** deur meestal geswore vyande van die O.B. as sogenaamd „anti-Smuts"-kandidate te stel, probeer hulle om O.B.-lede onderling teen mekaar op te hits. **Dié wat nie H.N.P. stem nie, moet uitgelok word om die ander te verwyt dat hulle vir geswore vyande gestem het. En dié wat wel H.N.P. stem moet uitgelok word om die ander te verwyt dat hulle „die setel aan Smuts gegee het". (In waarheid het die H.N.P.-leiding die setel weggegee deur doelbewus 'n skeurder as kandidaat te stel.)**

Kortom, hulle wil graag 'n toestand skep waar Brandwagte moet gestel word voor 'n keuse tussen **passiewe** steun aan een vyand (Empire) of **aktiewe** steun aan 'n ander vyand (H.N.P.-leiding).

**So moet Brandwagte, eedgenote, uitgelok word om BINNEKANT die Ossewabrandwag mekaar fel te beveg oor dinge wat doelbewus BUITEKANT die O.B. geplan is.**

Dit is die voor-eleksietwis.

**En twedens** sweep hulle die volk se hoop op om dadelik, op klokslag, ná die verkiesing die Republiek te ver-

(Vervolg op bls. 2)

## LAERTREKKINGS MET OOG OP VERKIESING

**'n Reeks laertrekkings van offisiere van alle range word in die loop van die maand gehou met die doel om leiding in verband met die verkiesing en 'n verduideliking van die nuwe organisasiestelsel van die Ossewabrandwag te gee. Die Kommandant-generaal sal op die volgende plekke en datums die laertrekkings toespreek:**

**KAAPSTAD: 15 Junie, Hofmeyrsaal 2 nm.**

**OUDTSHOORN: 19 Junie, Drilsaal, 2 nm.**

**CRADOCK: 21 Junie, Sanlamgebou, 2 nm.**

**BLOEMFONTEIN: 23 Junie, Clarendonsaal, 7.30 nm.**

**KROONSTAD: 26 Junie, 11 vm.**

## *ONTHOU 8 AUGUSTUS!*

**Brandwagte moenie net teen die sewende van die sewende maand vaskyk nie, maar moet die agste van die agste maand in gedagte hou. Daar moet nou reeds gewerk word om ons strydfonds op 8 Augustus te sterk.**

## EIS VERHOOR

**Na berig word het 21 manne wat geruime tyd reeds sonder verhoor in Johannesburg aangehou word, met 'n eetstaking begin. Sommige van hulle is reeds in Januarie in hegtenis geneem. Toe hulle by 'n vorige geleentheid gestaak het, is aan hulle beloof dat hul saak in Junie sou voorkom. Tans is dit weer uitgestel tot Julie.**

**Inmiddels is berig ontvang dat die Empire-bewind weer op die oorlogspad is. Sowel in Transvaal as in Natal is 'n aantal manne in hegtenis geneem waarskynlik met die oog op internering.**

## GENL. ANDERSON VOLG ADV. JERLING OP

Volgens aankondiging van die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, is genl. H. J. R. Anderson van Pretoria tot Inspekteur-generaal benoem in die plek van adv. Jerling wat van sy rang afstand gedoen het ten einde hom as kandidaat vir die parlement verkiesbaar te stel.





EM Bepk.

AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bemark deur en vir die gebruik van Afrikaners.

DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.

'n Kunsbrosjure sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.

Die Sekretaris,

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK,

Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoorbondkasgebou

Stuur u brosjure aan: M. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

OB 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 3-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne aatig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 3-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:—K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN**

Posbus 142. Oudtshoorn.



116 Takke 44,000 Lede

# AVBOB

Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene


## Komdt.-genl. Adviseer Hoe Gestem Moet Word

(Vervolg van bls. 1)

wag. **In plaas daarvan is 'n verpletterende nederlaag aan kom.**

**In sy teleurstelling, verwarring en verbittering moet die bedroë volk dan na 'n sondebok soek.**

**En dan bars die trommelvuur van die sogenaamd „Nasionale Pers'' los met uitwysing van die Ossewabrandwag, die Afrikanersparty, die onafhanklikes, m.a.w. van almal wat wou saamwerk en wie se samewerking deur dr. Malan van die hand gewys is, as die sondebokke.**

**Almal — MAAR VERAL DIE OSSEWABRANDWAG.**

Sodoende hoop dr. Malan om die O.B. voor die eleksie te verdeel.

Sodoende hoop dr. Malan om die O.B. ná die eleksie te verdelg.

Die stryd teen die Empire is 'n bysaak in hul oë.

**Anders sou hulle die O.B.-aanbod aanvaar het.**

**DIE O.B.-AANBOD STAAN NOG!**

### ADVIES

Nou vra Brandwagte wat hulle te doen staan as die H.N.P. voortgaan met die weiering van die O.B.-aanbod

Omdat die O.B. g'n eleksie-masjien is nie, kan hy nie 'n bevel oor kiesers uitoefen nie — hy kan tog nie verder gaan as selfs 'n politieke party nie. Maar leiding word verlang en word desverlangd as volg gegee:

U word aanbeveel om te sorg dat u **nie vir 'n vyand stem nie, d.w.s. u stem vir geen Empire-kandidaat, en ook vir geen ander kandidaat wat net soos die Empire-kandidaat uit is om die O.B. te vernietig nie.**

**WANT U WIL TEEN DIE OORLOG STEM — NIE TEEN DIE OSSEWABRANDWAG NIE.**

**Stem vir enige ordentlike anti-oorlogskandidaat sonder aansien van sy party, wat die publieke versekering gee dat hy nie teen die O.B. opgetree het en nie bereid is om teen die O.B. op te tree nie.**

**Slegs in dié kiesafdelings waarin die enigste kandidate wat staan weier om so 'n versekering te gee, vra die Ossewabrandwag van sy lede 'n sware offer, naamlik om te stem vir 'n kandidaat vir wie hulle min respek en geen vertroue het nie. MAAR STEM ANTI-EMPIRE.**

* * *

En hoe u mede-Brandwag ook van u mag verskil oor die meriete van hierdie of daardie kandidaat, **onthou ons houding is dat die Afrikaner wat o.i. verkeerd stem, tog nader aan ons staan as die Jood wat reg stem.**

Want ons Leuse bly „my God, my Volk my Land Suid-Afrika''.

„My Volk'' en nie „my party'' nie.

Ten besluite: die Afrikanerdom sien in hierdie verkiesing nie 'n parlementêre geleentheid nie. Dit is 'n kans vir **volksdemonstrasie,** of die Regering dit wil of nie.

NIE 'N JAG OP SETELS VIR HIERDIE OF DAARDIE PARTY NIE, DOG 'N VOLKSDEMONSTRASIE TEEN DIE OORLOG.

(Get. J. F. J. VAN RENSBURG,
Kommandant-generaal.

## Afsluitingsvergadering Gehou van Transvaalse Beheerraad

**Die Transvaalse Beheerraad, soos dit nog onder die ou provinsiale indeling van die Ossewabrandwag saamgestel was, het Saterdag, 22 Mei, sy afsluitingsvergadering in Johannesburg gehou.**

Die vergadering was reeds belê voordat die nuwe gebiedsindeling en reorganisasie van die Ossewabrandwag aangekondig is, en van die geleentheid is toe gebruik gemaak om na 'n uiteensetting van die reorganisasie-skema deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensbrug, te luister en om die nuwe pligte te aanvaar. Terselfdertyd is toe afskeid geneem van die offisiere wat in uniale diens tree, t.w. genl. J. D. Jerling, voorheen Asst. Komdt.-genl. vir Transvaal, wat nou inspekteur-generaal vir die Unie word, en ds. S. J. Stander, voorheen hoofgenl. vir Wes-Transvaal, wat nou Noodhulphoof van die Ossewabrandwag word.

Transvaal is nou in twee gedeel, t.w. Suid-Transvaal met Johannesburg as Hoofkwartier en gebiedshoofgenl. Louis Bootha in bevel, en Noord-Transvaal met Pretoria as hoofkwartier en gebieds-hoofgenl. dr. H. M. van der Westhuizen in bevel. Die Provinsiale Beheerraad word nou vervang deur 'n Offisiersraad vir elke gebied. Ook die Transvaalse Vroue-Adjunkraad verval omdat dit 'n adjunkraad van die Beheerraad is en word vervang deur 'n uniale Vroue-Adjunkraad wat 'n adjunkraad van die Grootraad is. Mev. K. Malan word Hoofvrou (generale) vir Suid-Transvaal en mev. Rautenbach van Pretoria vir Noord-Transvaal.

Die Kommandant-generaal het daarop gewys dat die reorganisasie en herindeling aan die een kant 'n desentralisasie van administratiewe beheer en dus bearbeiding meebring en aan die ander kant 'n sentralisasie van beleid.

Genl. Jerling het een en ander meegedeel oor die ontstaan van die Transvaalse Beheerraad. Toe sake in die begin, toe die Ossewabrandwag soos 'n veldbrand in Transvaal posgevat het, soms wou hande uitruk, is op 21 Junie 1940 in Johannesburg 'n vergadering gehou van alle generaals en ander hoë offisiere in Transvaal wat bymekaar gekry kon word. Op daardie vergadering is toe besluit om 'n beheerraad vir Transvaal in die lewe te roep en is 'n dagbestuur saamgestel.

Hoofgenl. ds. Stander het die dank van die Beheerraad teenoor genl. Jerling uitgespreek vir sy getroue diens en leiding en hom alle voorspoed in sy wyere werkkring as uniale offisier toegewens. Ds. Stander het in hierdie verband gewys op die wonderlike gees van broederskap wat in die Ossewabrandwag gesmee is, 'n gees wat hy in geen ander organisasie nog gesmaak het nie. „Net waar jy in Ossewabrandwag-geledere kom is jy tuis,'' het hy verklaar. Genl. Jerling het hierop die offisiere bedank vir hul vertroue en medewerking, veral in die tyd van krisis. „Laat ons in die toekoms tot nog meer offervaardigheid en nog meer werk vir die verwesenliking van ons volksideaal bereid wees.''

Die vergadering het ook aan dr. Stander alle seën en voorspoed in sy nuwe werkkring as Noodhulphoof van die Ossewabrandwag toegewens.

Genl. M. S. F. Grobler, van Pretoria, wat 'n tydjie gelede deur die Empire-regering voor die keuse gestel is om òf die Ossewabrandwag te bedank, òf geïnterneer te word, maar besluit het om die weg van plig en eer te volg deur die eis van die Regering van die hand te wys, het ook die vergadering bygewoon. Die offisiere het ook aan hom hulde gebring vir sy manmoedige besluit.

Die volgende offisiere was ook teenwoordig:

Gebiedshoofgenl. Louis Bootha, hoofgenl. H. L. Neethling, hoofgenl. Henri Slechtkamp, genl. G. Opperman, genl. H. Neethling, genl. S. J. Scheepers, genl. N. J. Roets, genl. Hein Becker, genl. W. H. Boshoff, genl. G. Puren, genl. J. P. S. Rossouw, genl. D. du Toit, genl. P. J. Botma, genl. dr. B. Z. Stegmann, genl. M. C. Eloff, hoofkomdt. F. J. Strauss en hoofkomdt. J. G. A. du Toit.

Na die vergadering het die offisiere 'n vertoning van 'n gedeelte van die rolprent „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom'' bygewoon en dit was duidelik dat hulle aangenaam verras was. —(Kor.)


# VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA.

Die Volk se Bank.



# DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. — Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.



# *£1000 vir u Oë*

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

## *DUWAS*

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

# Die Voortrekker-Apteek

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (BUS 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.



# VAN ZYLS

HOOFSTRAAT, PAARL.

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

Netjiese Snyerspakke en Jasse vir die Winter.

BESOEK ONS VIR U WINTERBENODIGHEDE.

'n Pragtige verskeidenheid Warmjasse, Oortrek-Jersies, Woltabberdstowwe, ens.

Skryf aan ons vir 'n Katalogus.

OOK OP — — — PORTERVILLE

# Bloed Beteken nie Altyd Dood nie

## Komdte. Gericke Belyn Vrou se Taak in Besielende Toespraak

**Onderstaande besielende rede is op 1 Mei by geleentheid van 'n funksie van die vrouekommando van George deur hoofkomdte. mev. Cecil Gericke van Mosselbaai gehou:**

**Die geskiedenis bewys dat waar die mans dikwels offers eis in sy stryd om te bestaan, die vrou nooit offers eis nie, maar waar daar 'n offer nodig is daar offer sy haarself.** Dis ook waar van die vrou van vandag. Met die styging van pryse, van rantsoenering en bediende-vraagstuk weet ek dit was vir elke vrou wat bygedra het tot hierdie uitstalling van lekkernye nie net 'n groot offer nie, maar wel 'n geloofsdaad.

Vir dié van u wat dit vandag weer moet koop, is dit ook 'n offer, maar ek weet u is trots daarop dat u iets kan offer op die altaar van ons toekomstige vrye Republiek.

Die offers wat ons vandag bring, is gering in vergelyking met die groot offers wat sowele van ons land- en tydgenote reeds al geoffer het deur hul persoonlike vryheid te gee vir ons groot ideaal, die ideaal waarvoor die Afrikaner reeds al 'n worsteistryd van oor 'n 130 jaar voer, vir vryheid; soos Swellendam, Graaff-Reinet, Slagtersnek, Bloedrivier, Weenen, Amajoeba, Jameson se sluipmoordtog, die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog reeds getuig. **So is die vryheidsin van die Afrikaner steeds in bloed gesmoor, maar bloed maak nie altyd dood nie. Net soos die bloed van Golgotha lewe gebring het vir 'n verloregaande wêreld, so het ook die bloed van die Afrikanerdom se helde die Afrikaner vanaf die Kaap tot aan die Vaal, van Oranje tot Sambesi aaneengesmelt en gestaal vir die stryd van geregtigheid en vryheid.**

Sedert 1902 het die oorwonne Afrikanerdom weer 'n nuwe stryd te stry gehad teen die verdelende imperialistiese partystelsel, en tot ons droefheid moet ons erken dat die vyand se politiek van verdeel en heers sover nog altyd meesterlik geslaag het.

Ongelukkig is ons bitterste vyande vandag juis nie vanuit die buiteland nie, maar in eie geledere; maar laat ons as Brandwagte getrou bly aan ons eed om by ons mede-Afrikaners te staan en nie bitter en bitsig teenoor mekaar optree nie. Laat ons hulle deur liefde en vriendelikheid terugwen na ons toe sodat, wanneer die blye dag aanbreek, ons weer almal bymekaar staan, wat ek stellig glo sal gebeur wanneer ons ons vryheid het. Laat ons mekaar waterpas in die oë kan kyk en ons onsself nie hoef te skaam vir woorde wat ons teen ons mede-Afrikaners in hierdie stryd gebesig het nie. Ons is tog onverbiddelik een in ons doel en strewe na 'n vrye Republiek. Dis die een groot faktor in ons republikeinse volkslewe waar die byl van verdeeldheid nog geen kloof kon kap nie.

Laat ons nou sterk en vol moed wees. In die O.B. is daar werk vir elke man, vrou en kind in hierdie groot stryd om vryheid.

**Die werk van die vrou in die O.B. is en moet altyd bly dié van vrou en moeder. Ons kindertjies moet nie net hul eerste gebedjie aan moedersknie leer nie, maar hulle moet daar ook leer om hul eie volkshelde te ken en te eer, daar moet ons as moeders vir hulle vaderlandsliefde en trou inboesem; daar moet hulle hul geskiedenis leer, want 'n volk wat sy geskiedenis nie ken nie, ken ook geen vaderlandsliefde en trou nie.**

Ons taak is 'n moeilike, maar ons gaan nie teen die berge van moeilikhede om ons vaskyk nie, ons gaan bo-oor daardie berge heen kyk, en met 'n Jan Cilliers saam uitroep:

> Daar's nie na links of regs te kyk
> Daar's net maar aan te stryk.
> Daar's werk.

Laat ons vroue in die O.B. ons ook toelê op gesinsopvoeding, voedingsleer en gesondheidsleer, en ons sal ons reuse-deel tot die opbouing van 'n liggaamlike en geestelike gesonde volk ruimskoots bydra. Sodoende sal ons 'n lentegloed van liefdediens om ons heen versprei.

Ons beleef 'n wêreldkrisis soos die geskiedenis nog nooit geken het nie. Ons sien koninkryke verskyn en verdwyn, krone rol en trone val. **Van die keuse en strewe van die volk van Suid-Afrika op hierdie tydstip sal sy toekomstige vryheid of sy totale ondergang afhang.**

„Gebore onder die Engelse vlag begeer ek nie om daar onder te sterf nie," het 'n Paul Kruger uitgeroep toe hy verkies het om in ballingskap te sterf.

So roep daardie onsterflike stem ons vandag nog toe; so roep die stemme van ons volkshelde ons toe; so roep die stemme uit 'n 5,000 burgers- en 26,000 vroue- en kinder-grafte ons toe.

Ons 300,000 armblankes en byna 'n miljoen ondervoede kinders roep ons om hulle te help teen buitelandse kapitalistiese uitbuiting.

En saam met 'n Paul Kruger roep ons: „Gebore onder die Britse vlag, begeer ons nie om daaronder te sterf nie".

## DANKBETUIGING

Namens gebiedshoofgenl. en mev. J. F. van der Merwe word alle offisiere en Brandwagte bedank vir die belangstelling betoon in die hofsaak in verband met die aanranding op hom deur uitlandse soldate. **„Die dag sal kom . . ."**

## GEALLIEERDE LUGMAG LY ERNSTIGE VERLIESE

### DUITSERS GEBRUIK NUWE AFWEER-TAKTIEK

Dat die Brits-Amerikaanse lugaanvalle op Duitse stede 'n baie duur onderneming is, kan besef word uit die toegewings aan Britse kant wanneer daar by meer as een geleentheid aangekondig word dat meer as dertig of veertig bomwerpers verlore gegaan het. Volgens 'n onlangse uitgawe van The Forum wat aanhaal uit die Amerikaanse tydskrif Time, moet die verliese as besonder gevoelig beskou word.

Die blad verwys na die aanval op Bremen toe sestien Vliegende Forte verlore gegaan het met 144 goed-opgeleide manskappe, terwyl ander vliegtuie en manskappe „sleg toegetakel was". **„Op een lugbasis was 'n hele kaserne die aand na die aanval leeg. Die verlies was ernstig en die uitwerking duursaam," lui die artikel. „Tot Mei-maand, toe nuwe bemannings gereed was, het die bomwerperbevel van die Agste Lugmag geen verdere aanvalle uitgevoer nie.** Die verliese van Bremen getuig van die krag van Duitsland se afweermag. Een loods wat teruggekeer het, het verklaar dat hy meeste van die tyd deur sewe jagvliegtuie aangeval was, terwyl ander bomwerpers deur soveel as sestien Duitse jagvliegtuie omring was," gaan die artikel verder, en verwys dan na nuwe taktieke van die Duitsers. Duitsland het oorgegaan tot die produsering van meer jagvliegtuie in plaas van bomwerpers. Minstens sestig persent van die Duitse vliegtuie in die Weste is jagvliegtuie. „Hulle verenig groot massa-aanvalle met toespitsing op enkele vliegtuie en afgedwaaldes, **en hulle het 'n stelsel uitgewerk wat tot 'n sekere mate die afweervuur van bomwerpers uitskakel."**

Vliegende Forte is in staat om hul man te staan teen 'n oormag van drie, maar as sewe of selfs tien vliegtuie tegelyk aanval, is hulle nie daarteen bestand nie, aldus die artikel wat ten slotte verklaar dat dit nie beteken dat Amerika sy daglig-aanvalle sal moet staak nie, maar dat die verliese hoog sal bly tot tyd en wyl die Agste Lugmag 'n antwoord teen hierdie slim metode kan vind.

## AFSKEID GENEEM VAN GENL. JERLING

Die Johannesburgse kantoor van die Ossewabrandwag, wat voorheen die kantoor van Transvaal was en nou die kwartiere vir die Witwatersrand en die res van Suid-Transvaal is, het verlede week gesellig afskeid geneem van genl. J. D. Jerling wat vir 'n lang tyd as Asst.-komdt.-genl. vir Transvaal aan die hoof van die kantoor was, en daarna as Inspekteur-generaal in uniale diens van die Ossewabrandwag getree het. By hierdie geleentheid is ook 'n geskenk van die personeel deur genl. Louis Bootha wat die kantoor as gebiedshoofgenl. vir Suid-Transvaal oorneem, aan genl. Jerling oorhandig.—(Kor.)


## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

**MEER AS 200 KURSUSSE**

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in...........................................

Naam...........................................

Adres...........................................

(O.B. 9 Junie 1943)...........................................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar-**
Korrespondensie-Kursus
Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 16,
JOHANNESBURG
Posbus 3512 Foon 22-3512

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660 — JOHANNESBURG

GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde VRUGTEBOME; vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die UNIE sowel as elders. Sierbome, Struike, Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! Katalogus gratis.



Sluit nader aan

BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS SLUIT NADER BY MEKAAR AAN —

stuur u produkte en vee aan u eie bemarkingsorganisasie. Ons lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees . . . As u ons dienste eenmaal getoets het, sal ons u steun blywend verwerf.

VOLKSKOPER MARK BPK.
Môremark — Newtown
Foon 34-1442 JOHANNESBURG Wolhuterst. 62

VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL
(EDMS.) BPK.
Kerksaal-Gebou .·. Voortrekkerweg



MAITLAND



Boere!!

Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:

Stuur u vee aan ons—die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark

Skryf vir besonderhede en permitte.
Posbus 22. Foon 5-2370. Telegramme: GEWIG
MAITLAND.

# Nou Stemme in plaas Van Parlementslede

Toe die Ossewabrandwag meer as vier maande gelede sy aanbod aan die politieke leiers in verband met die verkiesing gemaak het, was daar veral twee punte wat hy beklemtoon het, en dit is dieselfde punte wat tans weer deur die Kommandant-generaal in sy verklaring onderstreep word. Die eerste is dat 'n verkiesing die geleentheid kan skep om 'n volksdemonstrasie teen die oorlog te hou, en die tweede dat 'n verkiesing eensgesind deur die Afrikanerdom aangegryp moet word met alleen die volksbelang voor oë.

Ons het lank gelede reeds beklemtoon dat 'n verkiesing vir die duur van die oorlog geen wapen kan wees om 'n republiek te verkry en om uit die oorlog te tree nie. Die meeste wat ons in die huidige omstandighede kan doen is om so 'n mate van eensgesindheid en dissipline op te bou dat ons volk enige geleentheid wat hom later mag bied, kan aangryp om homself vry te maak. Met die oog daarop moet alle ondergeskikte belange opsy geskuif word en moet alleen die groot volksbelang voor oë gehou word.

'n Verkiesing is by uitstek 'n beroering wat groot bitterheid in die geledere van 'n volk veroorsaak, **en wanneer so 'n verkiesing nie eens meer aan sy doel beantwoord, naamlik om 'n verandering in regering teweeg te bring nie, sou dit uiters dwaas wees van 'n volk om hom daarmee te gaan bevuil deur op die gewone manier op te trek teen mede-Afrikaners.** In 'n tyd van volksnood soos ons tans beleef, is dit gebiedend dat onderlinge geskille uit die weg geruim word, **maar wanneer in so 'n toestand 'n verkiesingstryd geen konkrete resultaat behalwe groter verbittering kan lewer nie, sou dit 'n vergryp aan die volksreg wees om 'n onderlinge stryd aan te bind.**

Met dit in gedagte het die Ossewabrandwag na vore gekom om ons volk deur middel van 'n grootmoedige aanbod van skande en vernedering te red. Hy het 'n beroep gedoen op alle politieke groepe om die verkiesing te gebruik as 'n geleentheid om soos een man namens die volk aan vriend en vyand te toon dat ons ons nie vereenselwig met die oorlog en oorlogsbeleid van die Empire-bewind nie. **Vir homself het die Ossewabrandwag niks gevra nie. Inteendeel, hy het aangebied om sy hele organisasie met vermoë en al in die stryd te werp agter daardie kandidate wat deur die politieke partye aangewys word.** Die partye moes net onderling ooreenkom en mekaar nie beveg nie, want indien hulle mekaar sou beveg, kon die Ossewabrandwag as organisasie nie aan die verkiesing deelneem nie, aangesien hy buite die partypolitiek vir volkseenheid staan. **Hy kan alleen aan 'n verkiesing van die volk deelneem, en nie van partye in onderlinge stryd nie.**

Indien dr. Malan bereid was om, nadat die Nuwe Orde hulle aan die verkiesing onttrek het, met mnr. Havenga 'n reëling te tref sodat die enigste twee oorblywende partye mekaar nie in die wiele sou ry nie, **sou die volk in staat gewees het om 'n gedugte aantal opposisie-lede na die parlement te stuur as 'n sprekende bewys van sy protes teen die oorlog.** En wie sou die meeste daaruit gebaat het? Indien dr. Malan bereid was om mnr. Havenga se aanbod te aanvaar, naamlik om die Afrikanerparty agt of selfs elf setels te gun, **sou dr. Malan se party MET BEHULP van die Ossewabrandwag, die Afrikanerparty en die Nuwe Orde, 140 ander setels ALLEEN kon betwis het. Dr. Malan se party sou dus die sterkste uit die stryd getree het.** Al sou hy hiervan net sestig setels gewen het, sou hy nog minstens vyf of ses maal soveel ondersteuners in die parlement as mnr. Havenga gehad het. Maar wat belangriker is, die opposisie in die parlement — indien dit nie meer as 'n opposisie sou gewees het nie — sou ook in die parlement 'n duidelike demonstrasie teen die oorlog gewees het.

Dr. Malan wou nie saamspeel nie. Die gevolg is driehoekige gevegte in byna die helfte van die kiesafdelings. **Die opposisie-lede wat in hierdie omstandighede die paal haal, sal so gering in getal wees dat dit die Afrikanerdom se saak uit die oogpunt van 'n uitspraak teen die oorlog, slegs belaglik kan maak.**

**Al wat nou oorbly is dat die aantal stemme teen die oorlog getel word ongeag hoeveel kandidate die oorwinning behaal.** Smuts mag dan wel 'n baie sterk meerderheid in die parlement verkry, maar die stembus sal toon dat die volk teen die oorlog is, want as twee anti-oorlog-kandidate — b.v. 'n H.N.P.- en onafhanklike kandidaat — in een kiesafdeling meer stemme gesamentlik trek as die Smuts-kandidaat wat inkom, **beteken dit dat daardie kiesafdeling teen die oorlog gestem het. So sal die totale aantal stemme die uitspraak van die volk vertolk.**

Dit sou beter gewees het as daar 'n eenheidsfront was, maar aangesien dr. Malan dit nie wou hê nie, **is die tweede beste weg nou dat die volk soveel stemme as moontlik teen die Empire uitbring al is dit op 'n veelheid van kandidate—en in sulke omstandighede is daar baie te sê vir die optrede van onafhanklike kandidate soos adv. J. D. Jerling en andere.**

(Alle politieke berigte en kommentaar deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

# Min of Meer Belangrik

## *Een-derde van Unie se Mannekrag in Leër*

Ongeveer een uit elke drie blanke mans tussen die ouderdom van 20 en 60 jaar in die land is in die Unie-leër, na verlede week deur die Inligtingsburo op gesag van genl. Smuts bekend gemaak is. Uit ongeveer 570,000 weerbare manne in die Unie is 190,000 tans in die leër in diens van Groot Brittanje se oorlog. Smuts noem dit ,,'n prestasie wat deur geeneen van die Geallieerde volke in hierdie oorlog oortref is nie''.

Die nie-blanke leërdienste se ledetal is 102,000 man.

Die leër se voedselrekening is £800,000 per maand.

* * *

## *Nog 'n Prestasie*

Die totale verliese van die Britse Ryk in die eerste drie jaar van die oorlog beloop, volgens syfers wat die Britse regering goed gedink het om bekend te maak, 514,993, waarvan 92,089 gesneuweldes, 226,719 vermistes en 88,294 gewondes. Die verliese is as volg tussen die Rykslande verdeel: Verenigde Koninkryk 275,844; Kanada 10,422; Australië, 53,959; Nu-Seeland 19,345; Suid-Afrika 22,615; Indië 101,979 en die Kolonies 30,829.

Suid-Afrika kan blykens hierdie syfers in verhouding tot sy bevolking hom ook beroem op ,,'n prestasie wat deur geeneen van die Geallieerde volke in hierdie oorlog oortref is nie''.

* * *

## *Bly maar sku vir Moskou*

Die hoofbestuur van die Britse Arbeidersparty het verlede week, nadat hy die ontbinding van die Komintern oorweeg het, besluit om nie sy beleid te verander nie, nl. om by die jaarkongres aan te beveel dat die aansoek van die Kommunistiese Party van Engeland om affiliasie met die Arbeidersparty nie aangeneem word nie.

**Die bestuur het verklaar dat die ontbinding van die Komintern nog geensins 'n verwerping van die revolusionêre diktatuur van die Kommunisme beteken nie. Indien die Kommuniste werklik glo aan die eenheid van die Britse arbeid, dan moet hulle die weg volg van die Komintern en ontbind, ten einde sodoende by te dra tot die bevordering van die groot gekonsolideerde politieke party van die linkse groep.**

In Amerika het senator B. K. Wheeler, leier van die nasionale beweging wat vir afsydigheid gestaan het, verklaar dat Rusland nog eers duidelik moet toon dat hy aan Amerikaanse kant in die Stille Oseaan is, en van sy imperialistiese oogmerke afgesien het. Voordat hierdie versekering ontvang is, moet Amerika eers met die offensief teen Japan voortgaan en nie deelneem aan 'n inval in Europa nie.

* * *

## *Op die Afdraand*

Verteenwoordigers van 24 takke van die Arbeidersparty aan die Rand het verlede week besluit om 'n nuwe ,,Militante Demokratiese Party'' te stig wat sekere setels in die algemene verkiesing sal beveg. Sewe lede van die Transvaalse Provinsiale bestuur van die Arbeidersparty het uit die Arbeidersparty bedank. Drie Johannesburgse stadsraadslede bevind hulle onder diegene wat bedank het. Die doel van die nuwe party is glo om te breek met kapitalisme en die werkers tot sosialisme te lei.

'n Paar weke gelede het ons geskryf dat die produksie van partye sy volheid in ons land begin bereik. Die demokratiese verbrokkeling openbaar nou 'n tempo wat aandui dat hy die afdraand bereik het. Op die gelykte staan die Gesagstaat wat 'n einde gaan maak aan hierdie boerdery met verdeeldheid.

# DIE BRITS-AMERIKAANSE LUGOFFENSIEF

Dit is weer Juniemaand en die Europese somer is andermaal daar. Dit word dus weer tyd dat groot offensiewe op land verwag kan word. In die vier somers wat hierdie oorlog reeds beleef het was dit nog altyd Duitsland en sy bondgenote wat die inisiatief geneem het en met geweldige offensiewe voor die dag gekom het. Gedurende hierdie vier somers is Britse bondgenote op die Europese vasteland nie alleen die een na die ander uitgeskakel nie en die oorlogsfronte steeds verder van die landsgrense van Duitsland en sy bondgenote verskuif nie, maar Britse leërs self is uit Europa verdryf. In Europa is dit alleen nog op die rotsvesting van Gibraltar waar Britse soldate gevind kan word. Selfs in Rusland, waar dit die Spil nie alles voor die wind gegaan het nie, is die oorlogsfront ver in oostelike rigting verskuif. Alleen in Noord-Afrika het die front nader aan die grense van die Spilland Italië gekom. Op die oomblik is dit nog stil aan die Europese landsfront in Rusland, die enigste op hierdie vasteland wat nog oorbly. Is dit die stilte voor die storm en sal dit hierdie somer weer die Spil wees wat tot die offensief sal oorgaan of sal dit hierdie keer die Geallieerdes wees? Die hele wêreld wag vandag in die grootste spanning op 'n antwoord op hierdie vrae.

Hoewel alles aan die landsfronte in Europa en Asië, met uitsondering van die Japanse offensief in Tsjoengking-China, betreklik rustig is, het die oorlog in die lug gedurende die jongste tyd in hewigheid geweldig toegeneem. Oorlogsnuus vandag bestaan hoofsaaklik uit berigte oor die oorlog in die lug. Volgens die nuusberigte is dit ook duidelik dat die inisiatief hierdie keer in die hande van die Britte en Amerikane is. Uit Washington en Londen word die wêreld ook verseker dat hierdie inisiatief nie weer verlore sal gaan nie. Het Churchill dan nie onlangs voor die Amerikaanse Kongres verklaar nie ,,dat dit geen twyfel ly dat die Geallieerdes reeds baie meer vliegtuie as Duitsland, Italië en Japan het nie en dat hul produksie van nuwe vliegtuie baie groter is as dié van die vyand? Dit sou interessant wees om te weet hoe die Britse Premier sy gegewens insake die getal vyandelike vliegtuie in hande gekry het.

## Die Lugwapen en sy Doeltreffendheid

Die Brits-Amerikaanse lugoffensief in Europa en Asië, waaraan in ons nuusberigte so 'n prominente plek afgestaan word, sowel as lugoorlog in die algemeen, het baie interessante aspek-

(Vervolg in voorgaande kol.)

(Vervolg van volgende kol.)

te. Dit is bekend dat die lugwapen in die huidige oorlog 'n baie belangriker rol speel as in vorige oorloë. Die vliegtuig is 'n jong wapen. Dit is ook bekend dat die lugwapen onder bepaalde omstandighede in vyandelike gebiede kan deurdring wat vir ander wapens gesluit is. Dit is ook bekend dat die lugwapen aan die vyand groot skades kan berokken. Aan die ander kant moet met die feit rekening gehou word dat daar teen enige wapen ook teenwapens, teenmiddels uitgevind word. Die doeltreffendheid van 'n wapen hang dus af van die doeltreffendheid van die teenwapen.

As die lugwapen gebruik word as 'n hulpmiddel, as 'n wegbereider om 'n aanval van grondtroepe of die landing van invalstroepe moontlik te maak, min of meer soos die swaar geskut gewoonlik gebruik word, dan het die lugwapen sonder twyfel die allergrootste waarde. 'n Dergelike gebruikmaking van die lugwapen is egter van sekere onontbeerlike faktore afhanklik. Die vernaamste is afstand. Die eie bomwerpervliegtuie moet deur eie vegtersvliegtuie teen vyandelike vegtersvliegtuie beskerm word. Die operasiegebied van vegtersvliegtuie is, in vergelyking met dié van bomwerpervliegtuie, baie gering. Dit is om hierdie rede dat groot langafstandlugaanvalle in die nag met sy beskermende duisternis, maar ook met sy nadele, geskied. Soos sake vandag staan, kan die lugwapen as voorbereidende swaargeskut vir 'n in- of aanval alleen gebruik word as nabygeleë lugbassisse of vliegvelde voor hande is. M.a.w. 'n Brits-Amerikaanse inval in Europa onder voldoende lugbeskerming kan alleen geskied waar die Europese kuslyn die naaste aan Brittanje en Afrika is, d.w.s. oor die strate van Dover en Sicilië.

Die lugwapen word egter nie alleen as voorbereidende grofgeskut vir 'n in- of aanval gebruik nie maar ook as 'n middel om die oorlogsnywerhede, die versorging en die verkeersverbindinge van die vyand te vernietig. Volgens Churchill ,,is dit ons vaste besluit om dit vir Duitsland onmoontlik te maak om in Duitsland, in Italië of in enige van die vyandelik-besette lande met enige grootskaalse of gekonsentreerde vorm van oorlogsnywerheid voort te gaan''. Maar ook hier moet rekening gehou word met die moontlikheid dat die vyand teenmaatreëls soos o.m. die verskuiwing en verberging van nywerhede getref het. Die ,,vyandelik-besette lande'' in Europa en Asië is vandag 'n baie groot gebied en om hierdie rede baie minder kwesbaar as die vernaamste Geallieerdelugbasis, nl. Brittanje.

Dit is moontlik dat die lugoorlog in die toekoms nog baie meer intensief gevoer sal word. Of 'n lugoorlog alleen beslissend kan wees, is egter nog altyd twyfelagtig.



# 8 Augustus het Vyande van O.B. Verlede Jaar Verras

## Organisasieleier Roep op tot Viering Van Ossewabrandwagdag

**„8 Augustus, die dag waarop die ossewaens uit die Suide op die simboliese trek begin het, was inderdaad die geboortedag van ons Volksbeweging. Die Ontwaking wat daar gekom het, het vorm gekry in die Ossewabrandwag," verklaar genl. J. A. Smith, Adjunk-kommandant-generaal en Organisasieleier, in 'n omsendbrief waarin hy kommando's oproep tot die insameling van fondse vir 8 Augustus. Omdat hierdie datum vanjaar op 'n Sondag val, sal die funksie op die voorafgaande Saterdag of enige dag so na as moontlik daaraan, gehou word.**

Die oproep verwys na die voortreflike prestasies wat verlede jaar dwarsdeur die land behaal is. „Deur die viering van Ossewabrandwagdag en die resultate daarvan is die vyand van die Ossewabrandwag verras en die geweldige lewenskragtigheid en onverwinlikheid van die Ossewabrandwag nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland erken."

Die oproep verlede jaar, net soos vanjaar, het van die Afrikanervrou uitgegaan. Dis haar oproep tot die volk: Toon aan die wêreld dat julle kan oorwin; dat julle sal seëvier.

Elkeen wil antwoord: Ons sal offer wat jy vra.

Die vrou wil dat die O.B. die volk weer 'n verjaardaggeskenk moet gee en daarom moet onmiddellik begin word om geld in te samel vir die Volksbeweging — ammunisie vir die stryd.

**Genl. Smith verklaar verder dat dit die doel is om voortaan net een groot insameling per jaar te hou en langs daardie weg die hele Ossewabrandwag van voldoende fondse te voorsien.** Dit moet dus 'n heelhartige inspanning wees.

Etlike kommando's het al geruime tyd gelede begin met die insameling sodat daar op die laaste dag voor die aanvang van die funksie reeds 'n indrukwekkende neseier sal wees. Aangemoedig deur die groot welslae van verlede jaar, is die meeste kommando's voornemens om hul opbrengste vanjaar aansienlik te verhoog.

## O.B.-LIDMAATSKAP KAN HOF NIE BEÏNVLOED

### Appèlhof se Beslissing

Onlangs is deur die Spesiale Hof wat in Kaapstad gesit het die beskuldigde, ene Beyers, skuldig bevind onder Oorlogsmaatreël 13 van 1942 en gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf. Die advokaat van die verdediging het daarop die Spesiale Hof versoek om vier regspunte voor te behou vir oorweging van die Appèlhof. Hoewel die vier regspunte ongunstig uitgewys is vir Beyers en sy vonnis bekragtig is, is daar tog deur die Appèlhof 'n saak van belang vir elke lid van die O.B. en S.J.'s aangeraak in die loop van kommentaar op een van die regspunte.

Die vraag voor die Spesiale Hof was naamlik of Beyers te goeder trou in besit was van sekere ontploffingstowwe. Na aanleiding van sekere stellings vervat in die uitspraak van die presiderende regter van die Spesiale Hof wou die advokaat van Beyers toe die volgende punt aan die Appèlhof voorlê:

„Of die Hof geregtig was om beskuldigde se lidmaatskap van die Ossewabrandwag en van die Stormjaers in aanmerking te neem as 'n faktor wat meewerk om te bewys dat die beskuldigde se besit van ontploffingstowwe 'n onwettige oogmerk gehad het, waar daar geen bewys gelewer is aangaande die aard en doel van die organisasies nie."

Die Spesiale Hof het geweier om hierdie punt vir uitwysing deur die Appèlhof voor te behou en derhalwe is by die Appèlhof self 'n petisie ingedien vir spesiale verlof om dit voor te lê vir beslissing. Die uitspraak van die Appèlhof is gelewer op 27 Maart en skriftelik gemotiveer deur 'n stuk ingelewer op 13 April 1943. In verband met bovermelde petisie vir spesiale verlof verklaar die Appèlhof dan by monde van waarnemende hoofregter Watermeyer dat hulle die spesiale verlof weier omdat dit die bevinding is dat die Spesiale Hof nie teen Beyers beïnvloed is deur die feit dat hy Stormjaer en lid van die Ossewabrandwag was nie.

Voordat hierdie beslissing gevel word, sê die Hoofregter egter o.a. die volgende wat van groot belang is vir elke lid van die Ossewabrandwag en ook van die Stormjaersbewewging:

„Geen getuienis is in die Spesiale Hof voorgelê om te toon wat die doelstellings of werksaamhede van die Ossewabrandwag of Stormjaers is nie. Daar is derhalwe niks in die getuienis nie om te toon dat beskuldigde se lidmaatskap van hierdie liggame op enige wyse betrekking het op die geskilpunt voor die Hof.

„In die loop van sy uitspraak egter het die Hof uiting gegee aan, wat as hulle reg gerapporteer is, enigsins duistere sinne is.

„Volgens verslag van die uitspraak het die presiderende Regter gesê: ,Hy sê sy doel was alleenlik vir gemiese doeleindes. Ook miskien iets wat in aanmerking geneem kan word, is of hy vir sulke spesifieke doeleindes lid was van die Stormjaers en ook van die Ossewabrandwag. Dit het niks te doen met die kwessie of hy dit vir skeikundige doeleindes gedoen het of nie, **maar mens kan daarvan aflei dat die Kroonsaak wel gestaaf was** in die mening dat die besit onwettig was'.

„Die geleerde regter in 'n naskrif betwyfel die juistheid van hierdie skriftelike weergawe van wat hy gesê het."

Later vervolg die wn. Hoofregter:

„Die woorde soos afgeneem skyn sarkasties gebruik te gewees het. Hulle was miskien onvanpas in hulle samehang en dit sou beter gewees het as hulle nie gebruik was nie; maar die saak wat ons moet oorweeg is of die Hof **in werklikheid** deur onbehoorlike redes beïnvloed is om tot 'n onredelike slotsom te kom."

Verder bevind die wn. Hoofregter dan hierop dat uit ander feite duidelik blyk dat die Hof ten volle besef het dat die beskuldigde se lidmaatskap van die O.B. en van die Stormjaers geen betrekking het op die kwessie van die doel waarvoor Beyers die ontploffingstowwe by hom gehad het nie. Die gevolgtrekkings van die Spesiale Hof dat die gemiese stowwe nie vir proewe gebruik is nie, is op ander feite gegrond. Beyers se petisie is dus deur die Appèlhof van die hand gewys.

**Een ding blyk egter weer duidelik uit die Appèlhof se standpunt, nl. dat 'n lid van die O.B. of S.J.'s nie benadeel kan word bloot deur die feit dat hy lid is nie tensy die Hof eers duidelike bewyse gegee word dat die aard van die organisasie sodanig is dat iets onwettigs van 'n lid verwag moet word.**

**Totnogtoe kon niemand dit bewys nie, omdat dit tewens nie so is nie.**

Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook
Patriot

# Adv. J. D. Jerling Kandidaat in Wolmaransstad: Lê Amp Neer

## Gevolg van Dr. Malan se Dwarstrekkery

**„Deur aan die verkiesing deel te neem, bereik ons twee oogmerke: Eerstens kan ons aan veldm. Smuts en die hele wêreld toon wat die totale anti-oorlogstem in Suid-Afrika is. Tweedens kan ons dr. Malan wys dat met sy manier van optrede daar nie die minste moontlikheid bestaan dat ons ooit deur middel van die kruisie ons republiek sal kry nie," verklaar adv. J. D. Jerling, voormalige Inspekteur-generaal van die Ossewabrandwag, in 'n brief aan dr. J. F. J. van Rensburg, waarin hy aankondig dat hy sy rang neerlê om as gewone Brandwag homself verkiesbaar te stel in Wolmaransstad as 'n volkskandidaat teen die oorlog.**

Die brief lui as volg:

„Geagte Generaal,—Met verdere betrekking tot ons gesprek verlede Maandag wil ek u graag verwittig dat ek nou besluit het om die uitnodiging van Wolmaransstad om my as anti-oorlogvolkskandidaat in die aanstaande parlementêre verkiesing beskikbaar te stel, te aanvaar.

„U is bewus van my sienswyse in verband met die komende verkiesing soos ek dit dikwels in die Grootraad verduidelik het. Wat my nuwe pligte in die Ossewabrandwag betref, sal dit nog 'n ses of meer maande duur voordat die nuwe organisasie in volle swang is, en my dienste werklik nodig word. Intussen voel ek dat die Ossewabrandwag in die komende verkiesing nie stil mag sit nie. Mense wat ons in die verlede op die bitterste wyse aangeval het en niks anders as die volkome vernietiging van die Ossewabrandwag beoog nie, begin nou al witvoetjie soek. As die Ossewabrandwag nie 'n sterk rigting inslaan nie, dan vrees ek sal baie van ons lede afvallig word.

„Ek het baiemaal op vergaderings gesê dat die Ossewabrandwag ons volk moet organiseer, saamsnoer en in gereedheid bring om van enige redelike wapen wat homself aanbied, gebruik te maak om ons Republiek te verkry. In die komende verkiesing sien ek 'n middel tot die doel en hoe swak ook al die wapen mag wees, moet ons nie aarsel om daarvan gebruik te maak nie.

„Deur aan die verkiesing deel te neem, bereik ons twee oogmerke:

**„Eerstens kan ons aan veldmaarskalk Smuts en die hele wêreld toon wat die totale anti-oorlogstem in Suid-Afrika is.**

„Tweedens kan ons dr. Malan wys dat met sy manier van optrede daar nie die minste moontlikheid bestaan dat ons ooit deur middel van die kruisie ons Republiek sal kry nie.

„Ek vertrou dat deur hierdie weg in te slaan, ek nuttige werk sal verrig vir my volk, en die Ossewabrandwag.

„Ooreenkomstig die reël wat ekself in die Ossewabrandwag ingebring het, lê ek dus my rang neer as Inspekteur-generaal, maar verseker u weereens dat my enigste trou altyd sal bly die Ossewabrandwag. As gewone Brandwag verklaar ek my nog steeds gereed om enige O.B.-bevel uit te voer.

„My God! My Volk! My Land, Suid-Afrika!"

(Get.) J. D. JERLING.

## GELUKWENSING

(1) Die Ossewabrandwag van die Vrystaat wens hul gebiedshoofgeneraal, genl. J. F. van der Merwe, van harte geluk met sy geboortedag op 10 Junie. Ons kan hom verseker dat ons die leiding en besieling wat steeds van hom uitgaan, baie hoog waardeer. Ons wens hom toe alle voorspoed op sy weg in hierdie jaar van sy lewe. Ook is dit ons hartewens dat hy saam met ons binnekort die verwesenliking van sy ideale vir ons land en volk mag belewe.

(2) Die vroue van gebied „C" wil graag deur middel van Die O.B. ons Gebiedshoofgeneraal van harte gelukwens met sy verjaardag op 10 Junie. By hierdie geleentheid wil ons graag ons waardering uitspreek vir wat hy vir ons Volksbeweging doen en opoffer. Dit is ons bede dat hy in die jaar wat voorlê krag en genade sal ontvang om te kan voldoen aan die hoë eise wat aan hom gestel word. Mag hy en sy eggenote geluk en voorspoed smaak en ons hoogste ideale spoedig verwesenlik sien. Geluk, voorspoed en sterkte word u toegewens!

## VERJAARDAGKETTING

**10 Junie:** Carl Wagener (Ceres), Maria Vernooi (Beaufort-Wes), Johannes Gouws (Port Elizabeth); **13 Junie:** Elna Kruger (Noorder-Paarl), G. Thiermy (Paarl), Martha Nel (Upington); **15 Junie:** Leonora Liebenberg (Eppingtuindorp), Nancy Nel (Sutherland); **16 Junie:** Margrieta van Rensburg (Eppingtuindorp).

## SO REGEER 'N VOLK „HOMSELF"

### Voorbeeld uit Land Waar Parlementarisme „Deug"

In sy boek „I Know These Dictators" verwys Ward Price na 'n opdrag van Mussolini dat Italiaanse gesinne in Abessinië van draadloostoestelle voorsien moet word. Dit het die skrywer opgeval hoe maklik hierdie opdrag uitgevoer is, sonder enige beslommernis. In Engeland, so skryf hy, sou dit 'n proses van maande gewees het voordat hierdie onderdane hul toestelle gehad het, en dan sou daar miskien nog lang debatte in die parlement daaroor gevolg het.

In 'n onlangse uitgawe van die Londense Times, soos aangehaal deur Die Burger, vind ons 'n treffende voorbeeld van demokratiese omslagtigheid en onmag. Dit gaan oor die verkryging van skeermeslemmetjies. In 'n brief gee 'n afgetrede offisier 'n uittreksel uit 'n legger van 'n welsynsbeampte in 'n ammunisiefabriek wat as volg lui:

9 Desember: Geskryf aan welsynsbeampte van die departement van arbeid en gevra om hulp om skeermeslemmetjies te kry. Daarop gewys dat fabriek tien myl van die naaste groot stad is en dat werkers meestal in dorpies woon waar geen lemmetjies te kry is nie.

18 Desember: Welsynsbeampte van departement van arbeid antwoord dat hy geen gesag het nie. Verwys my na plaaslike prysbeheerkomitee. Skryf dieselfde dag aan hierdie liggaam.

28 Desember: Departement van handel antwoord. Verwys my na Sy Majesteit se inspekteur van fabrieke. Verklaar dat laasgenoemde volgens bevel no. 2149 gesag het om 'n permit vir lemmetjies uit te reik.

29 Desember: Besoek Sy Majesteit se inspekteur persoonlik. Hy het nog nooit gehoor van bevel no. 2149 nie, maar bel departement van handel. Gesprek volg oor telefoon. Departement van handel sê bevel magtig koop van messegoed. Inspekteur sê lem-

(Vervolg in voorgaande kol.)

(Vervolg van volgende kol.)

metjies is nie messegoed nie. Departement van handel sê dit is. Stryd eindig gel[illegible] —albei kante behou hul posisie.

29 Desember: Skryf aan departement van handel se hoofkwartier in Londen en vra beslissing.

13 Januarie: Geen antwoord, geen skeermeslemmetjies."

Hoed af vir die demokrasie! — hy is sterwend.

## DIE DUIKBOOTGEVAAR

Onder die baie oorlogsfronte is daar een waar die stryd sonder verposing voortwoed. Dit is die front waar die vyandelike duikbote 'n woeste stryd teen die versorgingskeepvaart van die Geallieerdes voer. Aangesien die Geallieerdes se oorlogsvoering uit die aard van die saak in die eerste plaas deur sy skeepvaart bepaal word, is hierdie stryd tussen duikbote en vragskepe van die allergrootste belang. Dit baat die Verenigde State van Amerika, die sogenaamde „arsenaal van die demokrasie," heel weinig as hy, deur gebrek aan skepe, nie daarin slaag om sy berge van oorlogstuig op die regte plek en op die kritieke moment aan hierdie of daardie oorlogsfront in voldoende hoeveelhede te lewer nie. Dit baat Brittanje of Rusland of China weinig dat voedselvoorrade en grondstowwe in hierdie of daardie Geallieerde of neutrale land opgehoop word sonder dat die nodige skepe vir die vervoer daarvan beskikbaar is.

Dis bekend genoeg dat die oorlogsberiggewing van die Geallieerdes oor hierdie allerbelangrikste oorlogsfront erg swygsaam is. Dit is veral die geval met die Britse oorlogsnuus. Dit is waar dat ons af en toe van die een of ander verantwoordelike Brit verneem dat die posisie van die voorsieningskeepvaart ernstig is, dat die vyandelike duikboot 'n dodelike gevaar is, dat die Britse boer meer moet produseer en dat die rantsoen vir hierdie of daardie lewensnoodsaaklikheid verlaag word ten einde meer skepe vir die oorlogsvoering self beskikbaar te stel. Dit is waar dat Reuter ons af en toe meedeel wat die een of ander lord in die Britse Hoërhuis oor skeepsverliese beweer het. Nog onlangs is b.v. beweer dat 34 uit 38 Geallieerde skepe in een konvooi op die Moermansk-roete verlore gegaan het. Dergelike onrusbarende nuusbrokkies word egter gewoonlik onmiddellik opgevolg deur optimistiese berigte nl. dat die Geallieerdes meer skepe bou as wat deur duikbote gekelder word, dat die posisie vandag baie gunstiger is as 'n paar maande gelede, dat beter afweermiddels meer duikbote as vroeër vernietig, ens. ens.

Of die Geallieerdes se beriggewing nou ook al optimisties of pessimisties, mededeelsaam of swygsaam is, elke man, vrou en kind selfs hier in die afgeleë en „vreedsame" Suid-Afrika weet dit, want hulle voel dit daagliks aan eie lyf, dat die duikboot 'n wesenlike gevaar is wat verwyder moet word voor 'n Geallieerde oorwinning moontlik sal wees.

## O.B.-NOODHULPFONDS

KAAPLAND TOT 2/6/43.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 7,812 | 13 | 0 |
| Offergeld Stellenbosch M.- en V.-Kommando's | 12 | 11 | 3 |
| Weeklikse bydrae Veldskoenkring Oudtshoorn | 2 | 1 | 8 |
| Offergeld H/Holland V.-Kom. .. | | 10 | 0 |
| Lys 643 Bellville .. .. .. .. | 4 | 14 | 6 |
| Afrikaner-gemeenskap, Alexandria | 12 | 5 | 6 |
| Bokveld V.-Kom. Maandl. bydrae | 1 | 7 | 6 |
| „Anton" Wynberg .. .. .. .. | | 5 | 0 |
| Franshoek Vroue-Kommando .. | 2 | 0 | 0 |
| Vriende Kaapstad .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Adelaide Vroue-Kommando .. .. | 5 | 3 | 5 |
| Mnr. O. Fourie Stutterheim .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Remskoen Toneelvereniging .. .. | 5 | 10 | 0 |
| O.B.-Vriende Mowbray .. .. .. | 1 | 2 | 0 |
| M.- en V.-Kom. Victoria-Wes .. | 28 | 18 | 6 |
| | £7,891 | 2 | 4 |

BYDRAE TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 1,546 | 14 | 2 |
| M.- en V.-Kom. Victoria-Wes spesiale bydrae | 10 | 0 | 0 |
| | £1,556 | 14 | 2 |

TRANSVAAL TOT 22 MEI.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 17,696 | 11 | 9 |
| Kwit. Nos.: | | | |
| 3373 9B3 .. .. .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| 3374 9B7 .. .. .. .. .. .. | 2 | 5 | 0 |
| 3375 11C2 .. .. .. .. .. .. | 1 | 10 | 4 |
| 3376 9B1 .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| 3377 10C5 .. .. .. .. .. .. | 16 | 5 | 1 |
| 3378 10C2 .. .. .. .. .. .. | 16 | 5 | 1 |
| 3380 9B6 .. .. .. .. .. .. | 3 | 5 | 0 |
| 3381 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 7 | 13 | 0 |
| 3382 S9 .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| 3383 3A4 .. .. .. .. .. .. | 9 | 16 | 9 |
| 3384 3C2 .. .. .. .. .. .. | 7 | 8 | 0 |
| 3385 1C2 .. .. .. .. .. .. | 6 | 7 | 0 |
| 3386 12A1 .. .. .. .. .. .. | 22 | 10 | 0 |
| 3386 12A2 .. .. .. .. .. .. | 8 | 5 | 6 |
| 3386 12A3 .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| 3386 12A4 .. .. .. .. .. .. | 23 | 0 | 3 |
| 3386 12A5 .. .. .. .. .. .. | 47 | 3 | 8 |
| 3386 12A6 .. .. .. .. .. .. | 36 | 6 | 9 |
| 3386 Jeugfront .. .. .. .. .. .. | 7 | 19 | 0 |
| 3386 N.H. Diens .. .. .. .. .. | 3 | 10 | 3 |
| 3386 Kollektes .. .. .. .. .. | 17 | 13 | 11 |
| 3386 12B1 .. .. .. .. .. .. | 4 | 1 | 6 |
| 3387 „Waterval-Afrikaner-Kring" | 3 | 2 | 6 |
| 3388 11B1 .. .. .. .. .. .. | 11 | 10 | 0 |
| 3389 15A1 .. .. .. .. .. .. | 25 | 13 | 0 |
| 3390 4B5 .. .. .. .. .. .. | 1 | 15 | 0 |
| 3391 5A1 .. .. .. .. .. .. | 9 | 10 | 6 |
| 3391 5A2 .. .. .. .. .. .. | 10 | 8 | 0 |
| 3391 5A3 .. .. .. .. .. .. | 20 | 8 | 6 |
| 3391 5A4 .. .. .. .. .. .. | 9 | 10 | 6 |
| 3391 5A5 .. .. .. .. .. .. | 4 | 1 | 3 |
| 3391 5B1 .. .. .. .. .. .. | 13 | 17 | 0 |
| 3391 5B4 .. .. .. .. .. .. | 8 | 19 | 3 |
| 3391 5C1 .. .. .. .. .. .. | 25 | 18 | 3 |
| 3391 5C2 .. .. .. .. .. .. | 25 | 6 | 11 |
| 3391 5C3 .. .. .. .. .. .. | 15 | 7 | 9 |
| 3391 5C4 .. .. .. .. .. .. | 4 | 3 | 0 |
| 3391 5C5 .. .. .. .. .. .. | 8 | 0 | 0 |
| 3391 5C6 .. .. .. .. .. .. | 15 | 7 | 9 |
| 3392 10 .. .. .. .. .. .. | 55 | 7 | 6 |
| | £18,221 | 4 | 6 |

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

VAN NIEKERK. — Aan mnr. en mev. P. van Niekerk van Tempe, Bloemfontein, 'n fluks Boeredogter. Naas die Heer, dank aan verpleegster en Ouma.

LOTZ. — Aan Hoofkomdt. J. H. Lotz en Kommandante H. W. Lotz, van Blommesteinstraat 93, Krugersdorp, 'n fris O.B.-dogter op 24 Mei 1943.

### VERLOWING

LE ROUX — MALHERBE: Die verlowing van Annatjie, oudste dogter van mnr. en mev. P. le Roux van Vryburg, met Gideon, jongste seun van mnr. en mev. G. S. Malherbe, van die Paul Kruger-Kommando, word hiermee bekend gemaak.

### HUWELIK

DU TOIT — SMIT: Ons, Aletta, oudste dogter van mnr. en mev. Danie Smit, Kansvlei, Clanwilliam en Neels (Japie), oudste seun van mnr. en mev. J. F. C. du Toit, Stellenbosch, voorheen van Malmesbury, maak hiermee aan familie en vriende(inne) bekend dat ons trou D.V. op Saterdag 19 Junie om 2.30 n.m. in die N.G. Kerk, Clanwilliam. Geen kaartjies plaaslik; geen resepsie. Gelukwense en Telegramme: Kansvlei, Clanwilliam.

### IN MEMORIAM

EHLERS: Een jaar van stille trane en bitter eensame verlange is verby en met treurende harte dink ons terug aan 27 Mei 1942, toe my dierbare eggenote, ons liewe moeder ons deur die dood ontneem is.

As die nag sy donker sluier
saggies om die aarde vou,
Is daar weemoed moeder
in die harte wat verlang na jou.

Die verlangende eggenoot N. Ehlers en kinders Dirk, Gerrie en Klein Freda.

### GEVRA

PLAAS om te huur; ongeveer 350 na 400 morge. Sal ook plaas bewerk om 'n deel indien eienaar reg gee vir vee. Verlang om by ware Afrikaner te bly. Oostelike Vrystaat, Wes- of Noordelike Natal by voorkeur. Afrikaner wat wil help moet dadelik antwoord. P. L. Olivier, Sanddrift, P.K. Bergville.

WEWENAAR van goeie karakter vra 'n wedevrou of meisie van 30 — 45 jaar as huishoudster op plaas. Om besonderhede skryf aan: D. F. Smith, Drakens View, P.K. New Amalfi.

### BETREKKING VAKANT

BLANKE dame vir algemene kantoorwerk en boekhou in motor-besigheid. Moet einde Junie begin. Meld ondervinding en kwalifikasies vir boekhou, tik ens. Skryf aan J. H. Gouws, Groblershoop, en meld salaris.

### BENODIG

BLANKE ervare tweetalige onderwyser(es) vir 2 seuns stds. 3 en 4. Goewernementstelsel. Losies en inwoning vry. Meld salaris verlang. Begin 19 Julie 1943. Doen aansoek: Mev. P. J. v. d. Merwe, Grootklip, P.K. Smithvale, New Bethesda.

ERVARE Boorman dadelik nodig vir stamper boor. Salaris £5 per maand plus 1/- per voet. Doen aansoek: W. A. Botha, Perdefontein, Somerset-Oos.

### KAROO BOK-KRAALMIS

BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel. 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke. K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

### *RAMME*

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

### TE KOOP

AARTAPPEL-MOERE, ARRAN-CHIEF. — Hansmoeskraal Saadaartappelkwekersvereniging, bied aan Goewernements gesertifiseerde moere met A sertifikaat teen 25/- per sak 153 pond V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by: H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.

HUIS 6 Kamers, D.K.B., Garage en twee buitekamers. Groot grond, son-stoep. Waterreg. Halfminuut van Stasie. Doen aansoek: Zuidmeer, Weidenhofstraat, Stellenbosch.

EEN Staalband 16 voet Bokwa; so goed as nuut. Prys £85. J. H. Visser, Osdam, P.K. Soutkloof oor Bergrivierstasie.

BESTE kwaliteit heuning-tee, 93 pond sak 20/-, 50 pond 10/6, 25 pond 6/-. Vars aartappels, 12/- per sak. Gelewer Bus-halte, Speelmanskraal, George. K.M.B. Burger Jonck, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.

### TE KOOP GEVRA

TREKKER, 25 P.K. of meer. Moet in eersteklas kondisie wees. P. Penning, Bus 6, Devon.

### KAROOBOKKRAALMIS

BESTE kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmistoestelle. Gelewer bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 goeie sakke, K.M.B. S. Nel, Uitvlugt, Sheldonstasie.



VARS vrugte uit u eie tuin smaak altyd beste. Bestel dadelik u eie bome om teleurstelling te voorkom. Dagbreek-Kwekery sal u verwagting ver oortref. Verpakking- en spoorvrag vry. Gratis katalogus op aansoek. DAGBREEK-KWEKERY (Gidion Brits en Seun), Foon 3, Jachtfontein, P.K. Jachtfontein oor Johannesburg.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

### SAAD-AARTAPPELS

KOOP gesertifiseerde Arran-Chief-moere A.1., Augustus-planting, teen 25/- per sak. K.M.B. van: Outeniqualand Saadaartappelkwekersvereniging — R. Barnard, Langhoek, Groot Brakrivier (Sekretaris).

AANDAG!!!
DIE KOMDT.-GENERAAL
Dr. J. F. J. VAN RENSBURG
en
Die Adjunk- Komdt.-genl.
J. A. Smith
Spreek 'n sametrekking toe
VAN ALLE OFFISIERE VAN OMGEWING
op
SATERDAG, 19 JUNIE
IN DIE DRILSAAL
OUDTSHOORN
vanaf 2-uur in middag en in aand
Verklarings i.s. Reorganisasie en komende Verkiesing
Brandwagte Welkom
Middag en Aand

*Ten spyte*
van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid
Damesuitrusting
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

*Maak Kennis met die*
Nuwe Volkspele
Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."
*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*
Prys 4/3 posvry
Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

S. J. KRYNAUW
Algemene Handelaar en Produkte Koper.
Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke
Mans en Dames Skoene
Kruideniersware teen die billikste Pryse
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v NUWE- en GARCIASTRAAT
Foon 68 — — Posbus 54
BEAUFORT-WES

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
Die MODERNEWINKEL

*Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .*
Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente
G. C. du Plessis en Kie.
Môremark, JOHANNESBURG.
Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."
Skryf om besonderhede en adreskaartjies.
Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.